## 'N AANDGEBEDJIE

Die onderstaande aandgebedjie, wat deur die kinders van die Groot Trek opgesê is, is deur mev. B. Nel aan prof. G. S. Nienaber gestuur, en waaroor sy o.a. die volgende meedeel: „Ek het dit by 'n stiefouma van my geleer. Sy was A. S. Roets, gebore Pretorius, 'n suster van Andries Pretorius. Sy het my gesê ek moet dit leer en aan my kinders voordra, en dat hulle weer op hulle beurt dit aan hulle geslag moet leer. Dit moet nooit vergeet word nie, want dié gebedjie het al die Voortrekkerkinders elke aand gereeld opgesê in die Laer en net waar hulle gegaan het, en sy sê dit ook nog altyd gereeld op saam met haar eie gebed."

Hier volg nou die gebedjie (die Nederlands genormaliseer):

Ik leg mij neder om te slapen,
Goede God, die altijd waakt;
Wil mij in Uw gunst bewaren,
Als het kwade mij genaakt.

Ach, vergeef mij al mijn zonden,
Dan leg ik mijn hoofdje neer,
Dan doet de dood noch hel mij vrezen,
Want Gij zijt mijn heil, o Heer.

Neem mijn ouders en mijn vrienden
In bewaring deze nacht,
Opdat morgen bij het ontwaken
U de lof zij toegebracht.